**N.G. Gemeente Vaalpark**



**Gebedsbulletin no 28**

**13 Julie 2025**

**Leef in Sy krag!**
**(2)**

**Die Heilige Gees het ‘n karakter**
Die Heilige Gees is God. As Hy in jou kom woon, is dit belangrik dat jy sal weet wie Hy is en wat Hy in en deur jou doen. Hy is almagtig (Luk 1:35), alomteenwoordig (Ps 139:7) en alwetend (1 Kor 2:10-11). Die vrug van die Gees in Gal 5:22-23 is Sy karaktertrekke:…”liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.” Dit is die karaktertrekke wat in God se kinders moet funksioneer en leef. Die Gees gee jou ook geestelike gawes sodat jy die werk kan doen waarvoor God jou geroep het en dat jy vir ander tot seën kan wees.
**Die Heilige Gees lewe saam met jou**
Dis ‘n konstantheid van ‘n Persoon soos ‘n vriend of reisgenoot in jou lewe. Die Heilige Gees is juis vir jou gegee en beskikbaar gestel om in jou te woon, langs jou te loop en om jou God se wil te leer. Die geheim is om deurentyd na Hom te luister, met Hom te praat en Hom te gehoorsaam in elke opdrag – om elke stukkie vreugde en teleurstelling met Hom te deel.
**Van binne na buite**
Die Heilige Gees se werk is in ons binneste, maar is sigbaar na buite. Die Gees maak jou lewe nuut en verander jou in ‘n kragbron – aan die een kant soos ‘n geestelike oorlogskip, aan die ander kant sag soos Jesus.
**God gee Sy Gees aan die wat vra**
Luk 11:11-13: “Is daar ‘n pa onder julle wat as sy seun vir hom ‘n vis vra, vir hom ‘n slang sal gee ipv die vis?.. As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee - die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra.”
**Leef onder Sy leiding**
Vra die Heilige Gees om die leisels van jou lewe te neem. Om die pad vir jou aan te wys. Vra Hom vir wysheid in elke besluit wat jy moet neem. Stel jou oop vir Sy werk. Erken Sy nabyheid en die feit dat jy nie alleen is nie. Soek Sy krag, oorwin saam met Hom.
” Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook jou gedrag bepaal” (Gal 5:25).

-Willem Badenhorst-

## Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense
  te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir die kleuterskole, skole en universiteite, kolleges en ander onderigsentrums. Vir hulle veiligheid, goeie onderrig sisteme, en Christelike leiding.
- Vir almal wat nou met vakansie is se veiligheid.

## Gebedsversoeke

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Rudi Kruger
- Johnny Viviers
- Judy Roux
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Pierre Pienaar
- Marelize Harrison
- Marcel Holtzhausen
- James Vermaak

Hannah Bylsma
Tannie Rina van der Vyver
Bradley Bam
Juanita Rossouw
Baba Elliana Kotzé
Oom Monty Pienaar
Spokie Vorster
Oom Thys van Tonder
Tannie Bettie Smit
Rassie v Deventer

Dink in gebed aan : Willie & Sanet Britz & Familie met die afsterwe van sy suster

## Gedagte vir die week

**Weet wie die Heilige Gees is en wat Hy doen.**

## Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org